14. Diakonale Sake

14.1 RAPPORT DEPUTATE DIAKONALE SAKE (Artt.10, 203, 205)

A. Ds. DJ Bakker stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Diakonale Sake. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie : Finansies.
C. Ds. LJ Buys rapporteer namens die Kommissie : Diakonale Sake.
D. Ds. EJ Tiemensma rapporteer namens die Kommissie : Finansies.

E. RAPPORT

1. Opdrag

Acta 2000:196,5.

1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.

1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur 'n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.

1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.

1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.

1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art.26).

1.6 Om hulp te verleen aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge KO, artt.12, 79 of 80 die bediening verlaat het voor 1994 op die volgende wyse:
Behartig ten opsigte van die Ondersteuningsfonds die bestuur, beheer en belegging van beskikbare fondse, vra addisionele vrywillige hulpverlening indien omstandighede dit vereis, stel die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend en skep 'n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en diakonieë en gee aan die Sinode riglyne vir bydraes tot die Fonds vir die volgende drie jaar (huidig R7,00 per belydende lidmaat per jaar).

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering

2.1 *Vir kennisname*

2.1.1 Vergaderings

Ter wille van koste vergader al die Deputate een keer per jaar (Maart), maar die jaar voor die Sinode twee keer (ook September). Dagbestuursvergaderings word gereeld gehou soos nodig. As gevolg van die ontwikkeling van Glenzicht (aftree-oord op die terrein waar die ou PKK Johannesburg was) het die Dagbestuur (met ander lede wat behulpsaam is) meer dikwels vergader. Plaaslike besture, wat jaarliks deur die plaaslike kerkrade benoem word, vergader maandeliks.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.2 Skakeling met inrigtings

Die Skakeldeputaat is gedurig in telefoniese verbinding met al ses inrigtings en besoek elke inrigting minstens een keer per jaar. Die onderskeie Besture van die

tehuise lewer een keer per jaar 'n skriftelike verslag oor die voorafgaande jaar se werksaamhede.
Ten opsigte van die moontlike omskakeling na ‘n Satelliethuisstelsel het die Kinderhuise te kenne gegee dat hulle nie die weg wil opgaan nie.
Besluit: Kennis geneem.

2.1.3 Personeel

2.1.3.1 *Glenzicht*: Die gebou van die ou PKK Johannesburg is omskep in woonstelle (en ‘n kliniek word beplan) Glenzicht se eerste inwoners het vanaf Desember 2001 begin intrek in die woonstelle. Vanaf Julie 2002 betrek die eerste inwoners die meenthuise. Daar is baie belangstelling, verkope vorder goed en 14 huise is al voltooi. Daar word ongeveer 160 eenhede in die kompleks beplan.
Die Dagbestuur saam met verteenwoordigers van die inwoners vorm die tussentydse Bestuur.

U Deputate sal aanvullend oor die vordering by Glenzicht rapporteer. (Omdat die ontwikkeling aan die gang is sal daar ook vordering wees nadat die Aanvullende Rapport ingedien is. Daarom kan mondeling in die Sinode verdere mededelings gedoen word.)

2.1.3.2 *Pretoria*: Die huidige huisouers, br en sr Kobus Vorster word bygestaan deur 'n maatskaplike werker en 10 assistente. Skoonmaakdienste word deur 'n buite-instansie gedoen. Instandhouding word grootliks deur ‘n faktotum gedoen.

2.1.3.3 *Reddersburg*: Die huisouers, br en sr I van H Fourie, word bygestaan deur 'n maatskaplike werker, 12 assistente en 15 algemene assistente werkers.

2.1.3.4 *Burgersdorp*: Johan Pelser is die tehuishoof. Die personeel bestaan verder uit 3 verpleegkundiges, 5 verpleegassistente, 9 verpleeghulpe, 4 assistente en 15 algemene assistente.

2.1.3.5 *Nylstroom*: Sr A Wolhuter is personeelhoof en ook verpleegkundige in beheer. Verder bestaan die personeel uit 4 Verpleegkundiges, 8 verpleegassistente, 8 verpleeghulpe, 4 assistente en 21 algemene assistente.

2.1.3.6 *Florida*: Na die vertrek van die vorige hoof (einde April 2002) is nog nie weer ‘n hoof aangestel nie. Die personeel bestaan verder uit 4 verpleegkundiges, 9 verpleegassistente, 5 verpleeghulpe, 4 assistente en 14 algemene assistente. Twee maatskaplike werkers is deeltyds in diens – een vir gemeenskapsdiens.

2.1.3.7 *Administrasie*: Ds PWA Mulder werk as Skakeldeputaat op 'n deeltydse basis. Hy word bygestaan deur twee halfdagassistente.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.4 Korrelering en koördinering

2.1.4.1 Algemeen
Die Deputate tree korrelerend en koördinerend op ten opsigte van
- insameling en hantering van fondse
- bepaling van beleid met betrekking tot personeel,
- bouprojekte

Besluit: Kennis geneem.

2.1.4.2 Kerkverband

Dat die SDDS Skakeldeputaat nie net in Transvaal nie, maar landswyd Diakonale konferensies bywoon en gemeentes, kerkrade en diakonieë, op hulle versoek, toespreek. Eie fondse sal gebruik word vir reiskoste.

Die SDDS moet hierdie saak, asook finansiële verpligtinge van diakonieë vir die eervolle instandhouding van Kinderhuise en Tehuise, opnuut onder die aandag van kerke bring. So sal diakonieë deurlopend van hierdie verantwoordelikhede bewus bly.

Besluit: Goedgekeur.

2.1.4.3 Sinodebesluite

In die proses om 'n nuwe Konstitusie vir die tehuise (sien 2.1.5.1) op te stel, is Sinodebesluite nagegaan. Dit lyk asof daar 'n spanning tussen die besluite is. Hieroor sal u Deputate aanvullend rapporteer (indien nodig) omdat die studie nog nie afgehandel is nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.1.5 <u>Skakeling met owerhede</u>

2.1.5.1 Die Deputate skakel wanneer nodig met Plaaslike Besture, die Departement Gesondheid, die Departement Behuising en die Departement Welsyn.

Daar was die afgelope drie jaar 'n groot klemverskuiwing in die beleid van die Departement Welsyn en Bevolkingsontwikkeling. Al die tehuise moes herregistreer.

Ten einde verder vir subsidie te kwalifiseer, moes al die tehuise ook weer as Nie Winsgewende Organisasie (NPO) registreer. Hiervoor is daar bepaalde vereistes gestel. Hierdie vereistes het onder meer ook die Konstitusie geraak en u Deputate moes 'n nuwe Konstitusie opstel. Vir u kennisname word die Konstitusies hierby aangeheg – basies dieselfde konstitusie, maar aangepas vir Kinderhuise en Tehuise vir Bejaardes.

Besluit: Kennis geneem.

KONSTITUSIE

1. NAAM

Die naam van die organisasie is:
..... Hierna die verkorte benaming van **Tehuis** genoem.

Die organisasie sal

- Bestaan in eie reg afsonderlik van sy Bestuur
- Voortgaan om te bestaan selfs al sou die lede van die organisasie verander of vervang word
- Die reg voorbehou om in besit te wees van eiendom en ander besittings
- Die reg voorbehou om te dagvaar en gedagvaar te word in eie naam

2. DIE DOELSTELLING VAN DIE ORGANISASIE

2.1 Doelstelling

Die doelstelling van die organisasie is die versorging en behandeling

van sorgbehoewende **kinders/bejaardes** ten einde hulle lewens-kwaliteit te verbeter.

2.1.1 Filosofie

Met Die Woord van God as grondslag, is dit die filosofie van die organisasie om uit te reik na die fisiese, psigiese, sosiale en religieuse behoeftes van sorgbehoewende kinders/bejaardes in die algemeen asook inrigtingversorging **binne die gemeenskap**.

2.1.2 Visie

Die Tehuis is ‘n organisasie wat deur middel van geïnstitusionaliseerde sorg kwaliteit diens aan bejaardes en kinders in hulle gemeenskappe lewer met ‘n vervulde werkerskorps. Die visie sluit in om ondersteuning te bied aan voorkomingsdienste in aanliggende gemeenskappe.

2.1.3 Missie

Om die Tehuis binne ‘n Christelike grondslag op ‘n finansieel gesonde grondslag te bestuur om sodoende die inwoners, die gemeenskap en gemeentes op ‘n blymoedige, gebruikers-vriendelike en interafhanklike wyse te dien deur –

2.1.3.1 ‘n Versorgingskultuur te skep by inwoners van die Tehuis, asook lidmate van die verskillende gemeentes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

2.1.3.2 Om gesonde kontrole te handhaaf oor alle finansiële bronne en finansiële bestuur van elk van die instellings en inrigtings onder sy beheer.

2.1.3.3 Om ‘n verkose werkgewer te wees en wat toesien dat die personeel in elke inrigting goed opgelei en mede-eienaarskap aanvaar om die doelstellings van die Tehuis te bereik.

2.1.4 Magte

Ter bevordering van die doelstellings is die magte van die Tehuis soos volg:

2.1.4.1 Om fondse in te samel, te beheer, en aan te wend om sy doelstellings te bereik; om die Tehuis op te rig, te beman en te bestuur; om kollektes te hou, openbare oproepe te doen; verkopings te hou, donasies in te samel of om op enige ander wyse fondse te bekom om die aktiwiteite van die Tehuis te finansier.

2.1.4.2 Om, indien nodig uit te brei; om enige kommissie of komitee aan te stel en om daaraan opdragte en uitvoerende magte te gee; om persone van binne of

buite daarin te benoem en sodanige komitee of kommissie af te skaf, te ontbind en/of te verander.

2.1.4.3 Om met enige vereniging, inrigting, instelling of liggaam, hetsy ingelyf of oningelyf saam te werk in die nastrewing van die doelstelling van die Tehuis.

2.1.4.4 Om met enige owerheid enige reëlings te tref wat bevorderlik is vir die Tehuis se doelstelling; om van sodanige owerheid sodanige regte of konsensies te verkry en om sodanige voorreg of konsensies uit te oefen, uit te voer of na te kom.

2.2 Die werking van die organisasie

2.2.1 Geografiese Gebied
Elke inrigting reik in sy eie gemeenskap uit na hulpbehoewende kinders/bejaardes se behoeftes oor die hele Suid-Afrika.

2.2.2 Die Tehuis kan fondse insamel binne die geografiese grense van sy gebied. Landswye fondsinsamelingprojekte vir die inrigtings onder sy beheer moet onder toesig en die goedkeuring van die Sinodale Deputate vir Diakonale Sake van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (SDDS) geskied. Die boekhouding van dié landswye fondsinsamelings vir die inrigtings sal direk deur die SDDS gekontroleer word.

3. LIDMAATSKAP, BESTUUR, VERGADERINGS EN ANDER WERKWYSES

3.1 **Lidmaatskap**: Lidmaatskap is beperk tot –

3.1.1 Deputate vir Diakonale Sake daartoe benoem deur die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (Hierna genoem die Sinodale Deputate).

3.1.2 Die kerkraad en die diakens van die Gereformeerde Kerk in wie se ressort die Tehuis geleë is.

3.1.3 Kundiges/belanghebbendes daartoe verkies, soos goedgekeur deur die Sinodale Deputate.

3.2 **Bestuur**

3.2.1 Bestuur: die Bestuur van die Tehuis berus by ten minste sewe persone.

3.2.2 Die Bestuur word deur die plaaslike kerkraad verkies uit die ouderlinge, diakens en/of ander persone vanweë hulle betrokkenheid.

3.2.3 Die Dagbestuur bestaan uit: ‘n voorsitter, vise-voorsitter en sekretaris.

3.2.4 Die Bestuur kan subkomitees benoem vir spesifieke take. Vir hierdie doel kan lede gekoöpteer word uit die breë kerkverband.

3.2.5 Verteenwoordigers van staatsdepartemente, streek- of plaaslike owerhede kan in ex-officio hoedanigheid sonder stemreg op die Bestuur dien.

3.2.6 Vakatures word aangevul by wyse van koöptering deur die Bestuur.
3.2.7 Die helfte plus een van die Bestuur vorm ‘n kworum.
3.2.8 Alle besluite word met meerderheid van stemme geneem.

3.3 Regspersoonlikheid

Die inkomste moet uitsluitlik aangewend word vir die bevordering van sy missie en geen gedeelte van sy inkomste mag aan enige lid of lede betaal word nie of direk en indirek oorgedra word nie, met dien verstande dat niks hierin vervat is met die bona fide vergoeding aan enige amptenaar van die Tehuis met die oog op enige diens wat in werklikheid gelewer is, verhoed nie.

3.4 Aanspreeklikheid

3.4.1 Die lede van die Bestuur is op generlei wyse, afsonderlik of gesamentlik verantwoordelik vir skulde van die Tehuis nie.
3.4.2 Die Bestuurslede word gevrywaar teen enige risiko, onkostes en uitgawe uit die bates van die Tehuis, en hulle is nie in enige opsig in hul persoonlike hoedanigheid verantwoordelik vir die handelinge wat goedertrou in amptelike hoedanigheid verrig is nie.

3.5 Vergaderings

Die Bestuur van die Tehuis moet minstens een keer per maand vergader.

3.6 Notules

Tydens die vergadering moet die sekretaris van die vergadering volledige notule neem en binne sewe dae na die vergadering versprei na die verskillende Bestuurslede. ‘n Agenda moet sewe dae voor die volgende vergadering aan Bestuurslede verskaf word.

3.7 Huishoudelike reëls en reglemente

3.7.1 Die Bestuur van die Tehuis keur alle huishoudelike reëls, regulasies en prosedures asook wysigings daarvan goed wat op die inwoners en die personeel van toepassing is.
3.72 Die Bestuur is verantwoordelik vir die hantering van alle aansoeke en toelating tot die tehuis binne die Konstitusie van die Tehuis.
3.7.3 Die Bestuur is verantwoordelik vir die bepaling van personeelstrukture van die Tehuis en die vasstelling van salarisskale en besoldiging.

3.8 Inspeksies

Die Tehuis is onderhewig aan inspeksies en aanbevelings van die Departement van Maatskaplike Dienste en die Departement van Gesondheid.

4. FINANSIES

4.1 Fondse word deur die Sinodale Deputate gekorreleer en beheer, terwyl die plaaslike Bestuur verantwoordelikheid aanvaar.
4.2 'n Ouditeur word jaarliks deur die Sinodale Deputate aangestel. Die pligte is onderhewig aan die toepaslike wette.
4.3 Die tesourier van die Tehuis sal die dag tot dag finansies van die organisasie hanteer. Die persoon sal verplig wees om maandeliks verslag te doen.
4.4 Geen fondse sal deur die organisasie ingesamel word vir 'n doel wat nie in die konstitusie gemeld is nie.
4.5 Tjeks van die Tehuis sal deur twee persone geteken word wat deur die Bestuur goedgekeur is
4.6 Fondse sal slegs bestee word vir doeleindes wat deur die Konstitusie van die Tehuis veroorloof word.
4.7 Die Bestuur sal toesien dat 'n inventaris opgestel en bygehou word van die besittings van die Tehuis.
4.8 Die finansiële jaar van die organisasie eindig 31 Maart van elke jaar.
4.9 Die organisasie se ouditeursverslae en rekords sal binne 6 maande na die einde van die finansiële jaar aan die Direkteur vir Nie Winsgewende Organisasies gestuur word.

5. VERANDERINGE VAN DIE KONSTITUSIE

5.1 Die wysiging van hierdie konstitusie kan alleen geskied op 'n algemene ledevergadering of 'n spesiale algemene ledevergadering vir daardie doel belê.
5.2 'n Kworum moet teenwoordig wees voordat 'n verkiesing kan plaasvind oor die verandering wat in die konstitusie aangebring moet word.
5.3 Die mosie moet duidelik beskryf en gemotiveer word en nie minder as 14 dae voor die Algemene Jaarvergadering aan die lede uitgestuur word. Geleentheid moet op die vergadering gegee word vir bespreking.

5.4 Behoorlike notule moet geneem word by die vergadering waar die verandering goedgekeur of afgekeur word en moet binne sewe dae na die vergadering versprei word aan die lede.

6. ONTBINDING VAN ENIGE VAN DIE INSTELLINGS OF INRIGTINGS VAN DIE SDDS

6.1 Die Tehuis kan ontbind word indien minstens twee-derdes van die lede teenwoordig op 'n algemene vergadering van lede wat vir daardie doel belê is, ten gunste van die ontbinding stem. Kennisgewing van sodanige vergadering moet minstens 21 dae voor die datum van die

vergadering aan lede gestuur word met vermelding van die doel van die vergadering, naamlik die ontbinding van die inrigting en die beskikking oor sy bates. Indien daar geen kworum by die ontbindingsvergadering teenwoordig is nie, word die vergadering vir minstens 14 dae verdaag en die lede wat dan die daaropvolgende vergadering bywoon, is ‘n kworum.

6.2 Alle bates is en bly die eiendom van die Nasionale Sinode of sy trustees. By ontbinding van die inrigting moet enige bates wat tot stand gekom het by wyse van subsidies of toelaes van die Staat, oorgedra word aan ‘n ander geregistreerde welsynsorganisasie(s), by voorkeur ‘n welsynsorganisasie met soortgelyke doelstellings, wat die algemene ledevergadering by ontbinding aanwys.

Handtekening van Voorsitter Datum

Handtekening Hoedanigheid Datum

Handtekening Hoedanigheid Datum

2.1.6 Finansies

2.1.6.1 Volledige syfers sal na ouditering van die boeke as 'n Aanvullende Rapport ingedien word. Dit sluit nie ‘n "begroting" vir die volgende drie jaar in nie (vgl die suggestie Acta 1985:31, 3). Om 'n realistiese Begroting vir Diakonale Sake in te dien vir drie jaar vooruit is uiters moeilik omdat daar so baie veranderlikes betrokke is, byvoorbeeld hoe groot subsidies sal wees, hoe pensioene aangepas word (want daarvolgens word losies op 'n formule bereken), die mate van verswakking by bejaardes (wat die toekenning van verpleegpersoneel bepaal), salarisaanpassings, voedselpryse, ens.

2.1.6.2 Ons is die owerheid innig dankbaar vir die subsidies aan ons tehuise – daarsonder sou ons nie ons kinders en bejaardes kon versorg nie. Tog is subsidies die kwesplek in die bestuur van die tehuise omdat dit ‘n groot deel is van die tehuise se begrotings. Elke keer as subsidies besnoei aangepas word, het dit ingrypende gevolge vir die tehuise.

2.1.6.3 U Deputate is tans besig om te besin oor die wyse van finansiering van die tehuise. Hieroor sal aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Met dank kennis geneem.

2.1.7 Inrigtings

2.1.7.1 *Pretoria*: Die President Kruger Kinderhuis is in die gemeente Oos Moot en huisves 63 kinders.

2.1.7.2 *Reddersburg*: Die President Kruger Kinderhuis op Reddersburg huisves ook 63 kinders.

2.1.7.3 *Burgersdorp*: Dirk Postma Tehuis vir Bejaardes huisves 54 verswakte bejaardes.

2.1.7.4 *Nylstroom*: Die Waterberg Tehuis vir Bejaardes versorg 72 verswakte bejaardes. In die Johannes Postma Woonstelle woon 36 selfversorgende bejaardes.

2.1.7.5 *Florida*: Ons Huis Tehuis vir Bejaardes versorg 65 verswakte bejaardes en Ons Huis Woonstelle kan 38 selfversorgende bejaardes huisves.
2.1.7.6 *Smaldeel*: (Reddersburg) Die plaas is behoorlik beplan en in kampe verdeel. Dit voorsien grootliks aan die vleisbehoeftes van die PKK Reddersburg.
2.1.7.7 *Glenzicht*: Die Aftree-oord word tans ontwikkel en sal by voltooiing ongeveer 160 meenthuise hê en 15 woonstelle in die ou kinderhuisgebou.

Besluit: met dank kennis geneem.

2.1.8 Ondersteuningsfonds (KO, artt.12,79,80)

Briewe is aan kerke gestuur waarin die besluite van die Nasionale Sinode 1994 meegedeel is. Daar word tans twee diakonieë gehelp in die versorging van voormalige predikante.

Die bydraes wat ontvang is, is ontoereikend om die doel van die Fonds te bereik en briewe is weer aan kerke uitgestuur. Die Fonds word uitgebou by wyse van vrywillige bydraes. 'n Riglyn van R10 per belydende lidmaat word aanbeveel.

Besluit: Die naam word vir moontlike wysiging na die Kommissie verwys.

2.1.8.1 Aanbeveling van die Finansiële kommissie

Om verwarring met ander fondse uit te skakel, word die naam verander na: "Bystandsfonds vir diakonieë kragtens KO, art.25".

Besluit: Goedgekeur.

2.1.9 Noodlydendes en noodtoestande

2.1.9.1 Opdrag

2.1.9.1.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.

2.1.9.1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10)

2.1.9.1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.

2.1.9.1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor tersaaklike hulpverlening.

2.1.9.1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.

2.1.9.1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.

2.1.9.1.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.

2.1.9.1.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.

2.1.9.1.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.

2.1.9.1.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

2.1.9.1.11 Uitbou van die Fonds: 'n Dringende beroep word op die kerke gedoen om ruim tot die Fonds by te dra sodat die GKSA nog effektiewer na mense in nood kan uitreik. Ondersteuning van Deputate:

2.1.9.1.12 Kerke word opgeroep om projekte vir samewerking en die bekamping van armoede aan die Deputate voor te lê om in plaaslike verband hulle roeping tot hulpverlening uit te voer.

Besluit: Kennis geneem van 2.1.9.1 in geheel.

2.1.9.2 Uitvoering

2.1.9.2.1 Hulp

2.1.9.2.1.1 Vloedramp: Tydens die vloedramp van die somer van 2000/1 is telefonies met die kerke in die gebied geskakel. Vanuit die diakonieë kon die nood hanteer word. Aan die kerke in Venda is hoofsaaklik klere en komberse vanaf SDDS gestuur.

2.1.9.2.1.2 Tydens die vloede in die Kaapse Skiereiland is met kerke daar geskakel. Hulle kon self die nood aanspreek.

2.1.9.2.1.3 Kongo: Aan GK Potchefstroom-Noord is jaarliks finansiële hulp verleen om kerke in die Kongo te help

2.1.9.2.1.4 Togo: Aan die kerke in Togo is hulp verleen om die bediening te laat voortgaan. Die mense is baie arm en kan nie die predikante versorg nie.

2.1.9.2.1.5 Good News Community Church: Aan enkele kerke is hulp verleen om hulle plaaslike nood te help verlig.

2.1.9.2.1.6 Die Deputate het die Kongres oor Armoede en Armoedeverligting in Pretoria bygewoon. Die aard en omvang van armoede in die RSA is breedvoerig bespreek. Dit het daaruit duidelik geword dat die omvang van die nood te groot is om plaaslik opgelos te word. Daarom is ‘n loodskomitee gestig om dit verder te hanteer. Geen verdere terugvoer is ontvang nie.

2.1.9.2.1.7 Die situasie in Zimbabwe het krisisafmetings aangeneem. Ook daar is hulp verleen.

Besluit: Met dank kennis geneem.

2.2 *Vir goedkeuring*

2.2.1 Opdrag (Acta 2000:196, 5)

2.2.1.1 Die Deputate beheer alle diakonale inrigtings van die GKSA in samewerking met die plaaslike kerk in wie se ressort die bepaalde inrigting sorteer.

2.2.1.2 Om ten opsigte van diakonale inrigtings koördinerend op te tree, met die kerkverband te skakel, geldelike hulp te bied, die administrasie en organisasie deur ‘n Skakeldeputaat te reël, ingesamelde gelde vir die inrigtings te administreer.

2.2.1.3 Om as verteenwoordigers van die kerkverband alle eiendomme wat kragtens sy opdrag verkry is, te beheer en in die regte belang daarvan op te tree.

2.2.1.4 Om pro-aktief op te tree deur skakeling en koördinering van alle diakonale werksaamhede van die Gereformeerde Kerke.

2.2.1.5 Om te skakel met die owerheid en ander barmhartigheids- en liefdadigheidsinrigtings volgens KO, art.26).

2.2.1.6 Om hulp op die volgende wyse te verleen aan kerke vir hulp aan predikante wat ingevolge Kerkorde, artikels 12, 79 of 80 die bediening voor 1994 verlaat het:

Behartig ten opsigte van die Ondersteuningsfonds die bestuur, beheer en belegging van beskikbare fondse, vra addisionele vrywillige hulpverlening indien omstandighede dit vereis, stel die Ondersteuningsfonds aan alle kerke bekend, skep ‘n positiewe gesindheid vir die Fonds by lidmate en

diakonieë en gee aan die Sinode riglyne vir bydraes tot die fonds vir die volgende drie jaar (huidig R7,00 per belydende lidmaat per jaar).

2.2.2 Noodlydendes en noodtoestande

2.2.2.1 Opdrag

2.2.2.1.1 Die primêre opdrag is om in samewerking met plaaslike diakonieë, ook in ander Sinodes, daadwerklike en deurlopende hulp te verleen aan alle mense wat geen kos, klere en onderdak het nie. In die hulpverlening moet voorkeur gegee word aan aansoeke waar noodlydendes in staat gestel word om in groter mate selfversorgend te word.

2.2.2.1.2 Stel ondersoek in na noodsituasies en –toestande binne en buite die Republiek van Suid-Afrika. Bekom gegewens oor die nood van geloofsgenote binne en buite die GKSA en ook van ander (Gal 6:10).

2.2.2.1.3 Maak en behou kontak met ander kerklike instansies, liggame en instellings wat gemoeid is met soortgelyke hulpverlening.

2.2.2.1.4 Gee aan die Kerke inligting en advies oor ter saaklike hulpverlening.

2.2.2.1.5 Kry opdrag om alle behoeftes onder die aandag van kerke en diakonieë te bring en bydraes tot die Fonds vir Noodtoestande te vra.

2.2.2.1.6 Dra daartoe by, sover moontlik, dat die uitdeling van hulp volgens die eise van die amp van diaken sal geskied.

2.2.2.1.7 Vind weë en middele om hulle werk aan die kerke in die ressort van die Algemene Sinode bekend te stel.

2.2.2.1.8 Wys by konstituering iemand uit eie geledere aan om in samewerking en in oorleg met Deputate vir Radio en TV, sake na Radio, TV en kerklike nuusblaaie deur te stuur.

2.2.2.1.9 Lig kerke in oor hulle opdrag en voorsien diakonieë van die toepaslike aansoekvorms.

2.2.2.1.10 Die Deputate moet in hulle Rapport aan die Sinode besonderhede van die hulpverlening aan kerke en instansies verskaf.

2.2.2.1.11 Uitbou van die Fonds: ‘n Dringende beroep word op die kerke gedoen om ruim tot die Fonds by te dra sodat die GKSA nog effektiewer na mense in nood kan uitreik.

2.2.2.1.12 Ondersteuning van Deputate: Kerke word opgeroep om projekte vir samewerking en die bekamping van armoede aan die Deputate voor te lê om in plaaslike verband hulle roeping tot hulpverlening uit te voer.

Besluit: Goedgekeur dat die opdragte onder 2.2 as nuwe opdragte vir die te benoemde Deputate sal geld.

2.2.3 Woord van hartlike dank teenoor ds. PWA Mulder vir die goeie werk wat hy oor meer as 17 jaar gedoen het.

Besluit: Met dank kennis geneem.

F. AANVULLENDE RAPPORT

1. Na aanleiding van lang besinning oor meer diakonale gerigtheid in die SDDS en studie van onder meer al die Sinodebesluite vanaf 1918 tot 2000, vra ons die Sinode om ons mandaat te gee om die volgende sake indringend te bestudeer en selfs te implementeer en aan die volgende Sinode daaroor verslag te doen.

1.1 *Samestelling van die SDDS*

Tot op hede is die Deputate SDDS direkteure van die Art.21 Maatskappy. Dit hou in dat grootliks sake rakende die tehuise op die tafel van die SDDS kom. Ten einde meer diakonaal gerig te wees versoek u Deputate dat die Sinode goedkeur dat die

SDDS uit twee bene sal bestaan, nl. die Direkteure van die Art.21 maatskappy en Diakonale Noodleniging.

Motivering

Met die instelling van die diakenamp het die eerste diakens die opdrag gekry om die Grieksprekende weduwees en wese in hulle daaglikse versorging by te staan sodat die apostels nie die Woordverkondiging verwaarloos nie. Daardie opdrag was nie net toe relevant nie, maar is vandag nog net so relevant. Die tye waarin ons leef en wat vir ons voorlê gaan baie "weduwees en wese" op die kerk se pad bring wat daaglikse versorging nodig gaan hê.

Versoek

Die Sinode word versoek om by die benoeming van Deputate by die SDDS behalwe die standaard benoeming (wat die direkteure van die Art.21 Maatskappy is) drie diakens BY NAME te benoem (met drie sekundi diakens (by name) – as die primi nie meer diakens is nie) ten einde die diakonale sake te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

1.2 *Verhouding Kerk en Staat*

Die SDDS het in die uitvoering van sy opdrag meer male gevind dat daar 'n spanning is tussen Sinodebesluite en Owerheidsvereistes. Burgerlike reg en "Kerkreg" staan meermale in spanning met mekaar. Dit skep 'n onhoudbare situasie

Versoek

Die SDDS kry opdrag om moontlike spanning tussen Sinodebesluite en ter sake Wette (Owerheidsvereistes) te ondersoek en waar toepaslik langs kerklike weë te hanteer. Dit behels dat die SDDS met die betrokke Owerhede (Departemente) in gesprek tree – of deur ander Deputate (bv. Deputate vir gesprek met die Hoë Owerheid).

Aanbeveling

1.2.1 Die SDDS kry opdrag om die leiding te neem met sodanige studie en van die bestaande studiewerk wat reeds hieroor gepubliseer is, gebruik te maak (bv die doktorale proefskrif van Sr Janet Gildenhuis, asook die Rapport van die Regsdeputate.

1.2.2 Hierdie studie word gedoen in oorleg met die Deputate wat met die owerhede skakel.

Besluit: Goedgekeur.

1.3 *Verhouding SDDS*, *Besture van Tehuise en die plaaslike Kerk*

Dit blyk uit die studie van Sinodebesluite dat daar voortdurend rondgeskuif word in die besluite t.o.v. waar die verantwoordelikheid lê en wat die verhouding is tussen SDDS, die Besture van tehuise en die plaaslike kerk in wie se ressort die tehuis is. Die klem het met die vorige Sinode die sterkste geval op die verantwoordelikheid van die SDDS wat in samewerking met die kerke en die besture die tehuise moet bestuur.

Spanning tussen "Kerkreg" en Burgerlike reg maak hierdie studie nog belangriker om duidelike riglyne te hê hoe om die onderlinge verhouding tussen SDDS, Besture en Plaaslike Kerke te reël.

Versoek

Die SDDS kry opdrag om die verhouding tussen die SDDS, Besture van tehuise en die Plaaslike Kerke in wie se ressort die tehuise is in studie te neem en die Sinode te adviseer oor die verhoudinge en verantwoordelikhede van elkeen.

Aanbeveling
1.3.1 Dat die SDDS, Besture van Tehuise en Kerkrade daarop moet let dat die besluit van Sinode 2000 reël dat die SDDS die gesag in hierdie opset uitoefen (SDDS is 'n art 21 maatskappy en dus 'n regspersoon).
Besluit: Goedgekeur.

2. Glenzicht
14 Woonstelle in die gebou van die ou PKK Johannesburg is voltooi en betrek asook ongeveer 30 wooneenhede. Kliniekdienste word vanaf Augustus 2002 gelewer en 'n versorgingseenheid sal Januarie 2003 in gebruik geneem word. Kliniekdiens en die versorgingseenheid is uitgekontrakteer.
Aanbevelings
2.1 Dat Glenzicht as 'n Art.21 Maatskappy geregistreer word.
Motivering: Dit is die verantwoordelike weg om die maksimum sekuriteit vir alle fasette van SDDS te verseker.
2.2 Die te benoemde Deputate kry opdrag om die administratiewe beheer en toesig van Glenzicht, in die nouste samewerking met die Administratiewe Buro wat die finansiële sake hanteer, uit te oefen.
2.3 Dat die ontwikkeling onder streng finansiële beheer en toesig voortgesit word
Besluit: Goedgekeur.

3. Finansiële State
Finansiële State vir die periode Maart 2000 tot Maart 2002 word aan die Sinode voorgehou.
Besluit: Die Sinode neem met sorg kennis van die negatiewe finansiële resultate van die afgelope drie jaar.
Aanbevelings
3.1 Dat die finansiële beheer van alle skemas onder beheer van die SDDS voortaan sal setel onder die Bestuur van die Administratiewe Buro.
3.2 Dat geouditeerde state jaarliks aan die Bestuur van die Administratiewe Buro voorgelê moet word asook aan die Ouditkomitee van die Ledevergadering.
3.3 Dat Deputate aangewys word met die opdrag om te skakel met die Residentia Stigting ten einde 'n samewerkingsooreenkoms daar te stel en/of kundigheid te bekom
Besluit: Goedgekeur

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR AAN DIE
SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA
(INGELYFDE VERENIGING SONDER WINSOOGMERK)

GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Ons het die finansiële jaarstate van die organisasie vir die jaar geëindig 31 Maart 2002 soos uiteengesit op bladsye 2 tot 10 geoudit. Hierdie finansiële jaarstate is die verantwoordelikheid van die organisasie se bestuur. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële jaarstate uit te spreek.

Omvang
Ons het ons oudit in ooreenstemming met standpunte van Suid Afrikaanse Ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële jaarstate is nie. 'n Oudit behels

- 'n ondersoek, op 'n toets grondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële jaarstate steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is,
En
- 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële jaarstate.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

Kwalifikasie
Soos in die geval van soortgelyke organisasies, is dit nie vir die organisasie uitvoerbaar om rekeningkundige beheermaatreëls in te stel oor kontant invorderings uit skenkings en fonds insamelings voor die aanvanklike inskrywing van die invorderings in die rekeningkundige rekords nie. Dienooreenkomstig was dit vir ons nie prakties moontlik om ons ondersoek uit te brei verder as die ontvangste wat werklik aangeteken is nie.

Gekwalifiseerde oudit mening
Afgesien van die uitwerking op die finansiële jaarstate van die aangeleenthede waarna in die vorige paragraaf verwys is, is hierdie finansiële jaarstate na ons mening in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die organisasie op 31 Maart 2002 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daar die datum geëindig het, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

DEN BOER & VAN DER LAAN
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA)
GEREGISTREERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE

Per: B Kooi
PRETORIA
27 AUGUSTUS 2002

SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE

GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 2002

	Aantekening	2002	2001	2000
BATES				
NIE-BEDRYFSBATES		13,054,227	13,483,316	13,252,114
Grond & geboue	6	11,173,357	11,168,653	10,966,169
Ander Vaste bates	6.3	271,476	375,731	358,606
Beleggings	7	1,590,703	1,938,932	1,927,339
Lening ontvangbaar - Glenzicht	8	18,691	-	-
BEDRYFSBATES		910,961	920,694	1,265,486
Bank		250,009	269,924	671,562
Deposito's		11,780	11,780	11,580
Kontant en spaarfondse		365,222	484,986	464,582
Ontvangbare rekenings		245,348	110,482	69,760
Voorraad - Voedsel		38,602	43,522	48,002
		13,965,188	14,404,010	14,517,600

EKWITEIT EN LASTE				
KAPITAAL & RESERWES		13,263,745	13,762,761	13,575,078
Fondse en reserwes aangewend	2	10,710,203	10,710,704	10,711,261
Spesiale trustfondse	3	75,743	69,801	63,789
Fondse en reserwes onaangewend	4	2,477,799	2,982,256	2,800,028
LASTE				
NIE-BEDRYFSLASTE		466,341	466,341	351,432
Lening - Ons Huis Vriendekring	5.2	271,341	271,341	271,341
Lening - Dirk Postma Woonstelle	5.3	150,000	150,000	-
Okkupasielenings	5.1	-	-	23,500
Lenings - Gemeentes en diakonieë	5.4	45,000	45,000	56,591
BEDRYFSLASTE		235,102	174,908	591,090
Betaalbare rekenings		165,489	139,807	532,627
Bedrae vooruitontvang		7,397	26,266	18,453
Oortrokke bank		59,216	5,835	37,010
Huurdersdeposito's		3,000	3,000	3,000
		13,965,188	14,404,010	4,517,600

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2002

	2002	2001	2000
INKOMSTE	5,713,671	5,529,748	5,376,442
Ekstra etes	36,379	28,446	34,706
Elektrisiteit verhaal	26,421	26,184	22,265
Intreegeld	23,450	17,550	17,550
Losiesgeld, huur en heffings	2,985,145	2,774,495	2,578,800
Parkering	3,605	2,670	2,970
Subsidie van owerheidsweë	2,638,416	2,679,894	2,719,844
Wassery	255	509	307
UITGAWES (Bladsy 4)	8,094,786	7,508,818	7,578,685
BEDRYFSTEKORT	(2,381,115)	(1,979,070)	(2,202,243)
ANDER INKOMSTE	1,853,889	2,250,468	1,854,257
Bydraes - Persone en instansies	340,186	573,661	435,430
- Gemeentes en diakonie	1,276,055	1,250,829	1,047,358
Noodtoestand bydraes	892	23,681	3,225
Opbrengs met verkoop van bates	3,287	30,150	42,537
Rente en dividende	165,396	196,497	263,183
Reserwefondse aangewend - PKK Johannesburg	-	153,237	-
Versekeringseise ontvang	10,751	22,413	62,524
Nasorgsentrum	16,350	-	-
Terugskrywing onvoorsiene uitgawes PKK Jhb	20,000	-	-
Boerdery inkomste	20,972	-	-

(TEKORT)/OORSKOT VIR DIE JAAR	(527,226)	271,398	(347,986)
OORGEDRA VANAF RESERWES			
Voertuigfonds – waardevermindering	501	557	619
NETTO (TEKORT)/OORSKOT VIR DIE JAAR	(526,725)	271,955	(347,367)
OPGEHOOPTE OORSKOT BEGIN VAN DIE JAAR	1,402,207	1,130,252	1,477,619
OPGEHOOPTE OORSKOT EINDE VAN DIE JAAR	875,482	1,402,207	1,130,252

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2002 (vervolg)

	2002	2001	2000
UITGAWES			
Personeeluitgawes			
Salarisse - Professioneel	1,861,306	1,612,660	1,389,446
- Ander	2,154,890	1,675,555	2,091,138
Personeelopleiding	4,260	4,000	3,980
Bonusse – Professioneel	72,516	104,288	77,734
- Ander	126,253	138,580	112,049
Bydraes tot hulpskemas	643,914	904,292	842,870
Honoraria	1,645	720	720
Advertensies	3,498	2,156	743
Vervoer en kantooruitgawes			
Vervoer	80,854	79,297	74,133
Reis- en verblyfkoste	38,456	33,743	28,596
Telefoon en posgeld	95,236	103,640	92,480
Drukwerk en skryfbehoeftes	24,472	21,554	21,514
Assuransie	122,807	115,087	97,516
Onderhoud - Toerusting en motorvoertuie	104,143	112,657	91,557
Affiliasiegelde	5,260	630	450
Grond en geboue			
Huurgeld	298	15,000	14,921
Instandhouding	240,147	188,741	179,349
Munisipale dienste	627,166	748,178	915,598
Sekuriteit	775	-	-
Huishoudelike uitgawes			
Skoonmaakkoste en verbruikbare items	333,029	287,804	265,691
Kombuisgereedskap en breekware	5,136	3,267	6,861
Voedsel aankope	1,076,677	924,479	823,981
Linne, komberse en uniforms	82,538	83,295	88,784
Medies	29,800	11,634	2,458
Onderwys en ontspanning	68,917	60,122	37,583
Sakgeld, kerkgeld en funksies	31,676	38,563	52,665
Professionele en spesiale dienste			
Ouditeursvergoeding	43,231	28,841	44,756
Rekenmeesterkoste - Huidige jaar voorsien	21,070	16,870	20,285
- Oorvoorsien vorige jare	-	(9,697)	36,445
Bankkoste	22,333	17,978	14,229

Diverse			
Waardevermindering	153,934	142,433	141,799
Tuinonkoste	5,586	6,863	7,724
Bankrente	1,197	1,837	630
Regskoste	311	-	-
Heffings	9,152	-	-
Los toerusting	2,303	-	-
Verlies met verkoop van bate	-	33,751	-
	8,094,786	7,508,818	7,578,685

GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEI VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2002

	Aante-keninge	2002	2001	2000
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE				
Kontant ontvangstes		7,235,500	7,367,373	7,137,126
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers		(7,902,564)	(7,724,663)	(7,146,978)
Netto kontantvloei in bedrywighede aangewend	1	(667,064)	(357,290)	(9,852)
Rente ontvang		165,396	196,497	263,183
Rente betaal		(1,197)	(1,837)	(630)
Transaksies op reserwes en fondse	2	31,362	75,099	71,508
Netto kontant invloei uit bedrys aktiwiteite		(471,503)	(87,531)	324,209
KONTANT UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE				
Toevoeging grond en geboue		(4,704)	(202,484)	-
Aankoop van vaste bates		(46,392)	(163,159)	(35,762)
(Toename)/Afname in beleggings gemaak		348,230	(11,593)	289,695
Netto kontant uitvloei uit beleggings aktiwiteite		297,134	(377,236)	253,933
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE				
Langtermynlenings toegestaan		(18,691)	-	-
Langtermynlenings aangegaan		-	114,909	(3,500)
Netto kontant invloei uit finansierings aktiwiteite		(18,691)	114,909	(3,500)
Netto toename/(afname) in kontant en kontant ekwivalente		(193,060)	(349,859)	574,642
Kontant en kontant ekwivalente aan begin van die jaar	3	760,855	1,110,714	536,072
Kontant en kontant ekwivalente aan einde van die jaar	3	567,795	760,855	1,110,714

AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE KONANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2002

	2002	2001	2000
1. Rekonsiliasie van kontant tekort uit bedrywighede voor oorplasing van en na reserwes			
Netto (tekort)/oorskot voor oorplasing	(527,226)	265,823	(347,986)
Aangesuiwer vir:			
Waardevermindering	153,934	142,433	141,799
Beleggingsinkomste	(165,396)	(196,497)	(263,183)
Rente betaal	1,197	1,837	630
Reserwefondse aangewend	(3,153)	(153,237)	-
Netto verlies met verkoop van bates	(3,287)	3,601	-
Bedryfs tekort voor bedryfskapitaal veranderings	(543,931)	63,960	(468,740)
Bedryfskapitaal veranderings	(123,133)	(421,250)	458,887
Afname in voorraad	4,920	4,480	9,021
Toename in debiteure	(134,866)	(40,722)	187,837
Toename/(Afname) in krediteure	25,682	(392,821)	280,256
(Afname)/Toename in bedrae vooruit ontvang	(18,869)	7,813	(18,227)
Kontant in bedrywighede aangewend	(667 064)	(357 290)	(9 853)
2. TRANSAKSIES OP RESERWES EN FONDSE			
Rente verdien	31,362	75,099	71,508
Aanwendings	-	-	-
	31,362	75,099	71,508
3. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE BESTAAN UIT:			
Deposito's	11,780	11,780	11,580
Kontant en spaarfondse	365,222	484,986	464,582
Bank	250,009	269,924	671,562
Oortrokke bank	(59,216)	(5,835)	(37,010)
	567,795	760,855	1,110,714

AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE OP 31 MAART 2002

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

1.1 GROND EN GEBOUE
Grond en geboue word getoon teen 'n herwaardasie wat in 1987 gedoen is. Enige verbeteringe daarna word teen kosprys getoon. Geen depresiasie word voorsien nie.

1.2 ANDER VASTE BATES
Ander vaste bates word gedepresieer op die reguit lyn metode teen koerse wat voldoende geag word om die bates oor hul verwagte nuttige lewensduur af te skryf.

1.3 VOORRAAD
Voorraad word teen kosprys getoon volgens die eerste-in-eerste-uit metode.

	2002	2001	2000
2. FONDSE EN RESERWES AANGEWEND			
HERWAARDASIERESERWE			
Reserwe met herwaardasie van grond en geboue	5,714,778	5,714,778	5,714,778
AANGEWENDE FONDSE			
Boufonds	991,807	991,807	991,807
Kombuisfonds	21,824	21,824	21,824
Voertuigfonds	121,654	122,155	122,712
	122,155	122,712	123,331
	(501)	(557)	(619)
Kapitaaldelgingsfonds	3,860,140	3,860,140	3,860,140
	10,710,203	10,710,704	10,711,261
3. SPESIALE TRUSTFONDSE			
Stiglingstrust	1,077	993	907
	993	907	809
	84	86	98
Beyleveldt Trust	61,896	57,040	52,128
	57,040	52,128	46,501
	4,856	4,912	5,627
Van Dyk Trust	12,770	11,768	10,754
	11,768	10,754	9,593
	1,002	1,014	1,161
	75,743	69,801	63,789
4. FONDSE EN RESERWES ONAANGEWEND			
Kombuisfonds	2,415	2,415	2,415
Bemakingsfonds – Maatskaplik	-	-	20,000
Saalfonds	-	-	34,011
Ontwikkelingsfonds	-	-	10,000
Bussiefonds	200	200	6,200
Du Plessis Instandhoudingsfonds	254,092	234,159	213,993
SAP du Toit Boufonds	177,128	163,233	149,176
Rolstoelfonds	2,384	2,384	-
Prestasiefonds	8,950	8,950	8,950
C Erasmusfonds	2,000	2,000	2,000
A van Wyk Fonds	6,740	6,740	6,740
Personeel voorsorgfonds	42,793	42,793	42,793
D Brits Trust - Spesiale Onderwys	147,762	136,170	124,447
Instandhoudingsfondse	128,227	128,227	140,464
Ondersteuningsfonds – Diakonie	87,685	90,838	75,658
Bemakingsfonds – Algemeen	207,296	207,296	278,285
Boufonds - PKK Pretoria	38,258	38,258	38,258
Spesiale reserwes – Skemas	496,387	516,387	516,387

Onvoorsiene uitgawes	175,000	195,000	195,000
- Johannesburg Kindertehuis	-	20,000	20,000
- Pretoria Kindertehuis	20,000	20,000	20,000
- Reddersburg Kindertehuis	20,000	20,000	20,000
- Burgersdorp Ouetehuis	20,000	20,000	20,000
- Nylstroom Ouetehuis	20,000	20,000	20,000
- Florida Ouetehuis	95,000	95,000	95,000
Voorsiening vir personeelvergoeding			
- Florida Ouetehuis	100,000	100,000	100,000
Rente verdien op reserwes			
- Florida Ouetehuis	221,387	221,387	221,387

Bogenoemde reserwes is gereserveer vir onvoorsiene uitgawes waarvoor nie begroot is nie. Bewilliging van fondse uit die reserwes geskied soos en wanneer die bestuur dit goedkeur

Opgehoopte oorskot	875,482	1,402,207	1,130,252
Aangewende oorskot	734,630	367,338	-
Onaangewende oorskot	140,852	1,034,869	1,130,525
	2,477,799	2,982,256	2,800,028

5. LANGTERMYNLASTE

5.1 OKKUPASIELENINGS

Saldo begin van die jaar	-	23,500	27,000
		-	-
Okkupasiereg verreken teen huur ontvang	-	(23,500)	(3,500)
	-	-	23,500

Die bedrag verteenwoordig lewenslange okkupasiereg wat aan sekere inwoners verkoop is. Die lenings is rentevry en terugbetaalbaar met opsegging van okkupasie.

	2002	2001	2000
5.2 LENING - ONS HUIS VRIENDEKRING			
Saldo begin/einde van die jaar	271,341	271,341	271,341
	271,341	271,341	271,341

Die lening is onverseker en rentevry met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie, alhoewel die bedoeling van 'n langtermynaard is.

5.3 LENING - DIRK POSTMA WOONSTELLE

Lening ontvang	150,000	150,000	-

Die lening is onverseker en rentevry met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie, alhoewel die bedoeling van 'n langtermynaard is.

5.4 LENINGS VANAF GEMEENTES EN DIAKONIEË

Saldo begin van die jaar	45,000	56,591	56,591
Aangegaan gedurende die jaar	-	30,000	-
Terugbetaal gedurende die jaar	-	(41,591)	-
	45,000	45,000	56,591

Die lenings is onverseker en rentevry met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie, alhoewel die bedoeling van 'n langtermynaard is.

6. GROND EN GEBOUE

6.1 Besonderhede van grond en geboue

President Kruger Kinderhuis - Pretoria	1,477,827	1,477,827	1,477,827
President Kruger Kinderhuis - Reddersburg	1,031,446	1,031,446	1,031,446
Dirk Postma Ouetehuis - Burgersdorp	1,293,503	1,293,503	1,111,019
Ons Huis Ouetehuis - Florida	1,407,783	1,407,783	1,407,783
Waterberg Ouetehuis - Nylstroom	1,099,973	1,099,973	1,099,973
Ons Huis Woonstelle - Florida	1,379,715	1,379,715	1,379,715
Johannes Postma Woonstelle - Nylstroom	1,707,387	1,702,683	1,682,683
Hoofkantoor	1,775,723	1,775,723	1,775,723
	11,173,357	11,168,653	10,966,169

6.2 Die waarde van grond en geboue is soos volg saamgestel:

- Herwaardasie - 1987	7,373,875	7,373,875	7,373,875
- Verbeterings sedert 1987	3,799,482	3,794,778	3,592,294
	11,173,357	11,168,653	10,966,169

6.3 Ander vaste bates teen boekwaarde

Meubels en toerusting	89,315	81,192	53,166
Motorvoertuie	157,753	269,909	256,520
Masjinerie en toerusting	16,690	11,869	45,906
Rekenaartoerusting	7,718	12,761	3,014
	271,476	375,731	358,606

7. BELEGGINGS

10% Skuldbriewe - Sorec Limited	12,400	12,400	12,400
Geldmark	1,578,303	1,926,532	1,882,594
Klas A4 aandele - Perm	-	-	27,345
Lening: Gereformeerde Kerk Johannesburg-Suid	-	-	5,000
	R1,590,703	R1,938,932	R1,927,339

Die beleggings verteenwoordig die volgende fondse (Kyk ook aantekeninge 3 tot 4)

Spesiale trustfondse	75,743	69,801	63,789
Spesifieke fondse	516,315	493,980	520,647
Instandhoudingsfondse	382,319	362,386	354,457
Bemakingsfonds - Algemeen	207,296	207,296	278,285
Spesiale reserwes - Skemas	496,387	516,387	516,387
Oorskot / (tekort) fondse belê	(87,357)	289,082	193,774
	R1,590,703	R1,938,932	R1,927,339

8. LENING - GLENZICHT

Toegestaan gedurende die jaar	18,691	-	-

Die lening is onverseker en rentevry met geen vaste Terugbetalingsvoorwaardes nie.